

12

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Verversings kan gereël of gebring word.
- Indien jy so besluit, skaf 'n prys aan vir die wenspan.
- Kry jousef op die hoogte met die vraestel hieronder.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

BEGIN SO

Verduidelik vir die kinders dat julle hersiening doen van die feite in Lesse 7 tot 11. Verduidelik dat elkeen van die persone of gebeure iets vir hulle geleer het.

IETS OM TE DOEN

VASVRAKOMPETISIE

- Verdeel die klas naastenby in twee gelyke groepe wat getalle en vermoëns betref.
- Hou 'n vasvra tussen die twee groepe met die vrae aan die einde van hierdie les.
- Gaan soos volg te werk:
 - Laat hulle in 'n kring sit en saam die antwoorde uitdink.
 - Vra dieselfde vraag vir albei groepe.
 - Sodra hulle die antwoord het, skryf hulle dit op 'n papier, en iemand wat deur jou aangewys is, bring dit vorentoe.
 - Merk dit, skryf 'n punt by die antwoord, en laat hy of sy teruggaan na die groep.
 - Gaan deur al die vrae en tel elke groep se punte bymekaar.
 - Kondig die wenspan aan.
 - Deel die prys uit indien van toepassing.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die sketse tuis gaan inkleur.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Belangrik:

Laat hulle nou reeds hul oumas en oupas nooi om vir Les 14 saam te kom klas toe. Gee die datum.

VRAE VIR DIE KOMPETISIE

1. Met wat lei die Here ons op die regte pad? *Die Bybel.* (4 punte)
2. Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? *Deur hom te hou aan God se Woord, of om te leef volgens God se Woord.* (2 punte)
3. Wie is die lig vir ons lewe? *Jesus.* (4 punte)
4. Hoe voel ons as Jesus die lig van ons lewe is? *Gelukkig – ons is nie bang nie.* (2 punte)
5. Vir wie het God na Nineve gestuur om daar te gaan preek? *Jona.* (4 punte)
6. Wat het met Jona gebeur toe hy ongehoorsaam was? *God het hom gestraf* (2 punte) *en 'n groot vis het hom ingesluk* (2 punte).
7. Wat het Jona gedoen toe God hom die tweede keer na Nineve gestuur het? *Hy het geluister* (2 punte) *en vir hulle gaan preek* (2 punte).
8. Wat vra God se wet van ons? *Liefde vir God* (2 punte) *en liefde vir ons medemens* (2 punte).
9. Wie gee vir ons al ons gawes? *God.* (2 punte)
10. Wat moet ons met ons gawes doen? *Dit gebruik om God* (3 punte) *en ons medemens* (3 punte) *te dien.*
11. Wanneer is God by ons? *Altyd – as dit goed met ons gaan, en as dit sleg met ons gaan.* (4 punte)
12. Wat weet jy van Josef? *Sy broers het hom verkoop* (2 punte). *Hy het lank in Egipte gebly* (2 punte). *God was altyd by hom* (2 punte).
13. Voltooi Psalm 23: 4: *Selfs al gaan ek deur donker dieptes sal ek nie bang wees nie, want U is by my.* (4 punte)

Totaal: 50 punte